

Karoo Hoogland Munisipaliteit
(Williston – Fraserburg – Sutherland)

Die volgende pos is beskikbaar tot en met die termyn van die Burgemeester, Me VC Wentzel, verstryk, vir 'n dinamiese en toepaslik gekwalifiseerde persoon:

Persoonlike Assistent:
Kantoor van die Burgemeester : Sutherland

Besonderhede:

Standplaas Sutherland Munisipale kantore

Pligte:

1. Skeduleer en beplan die Burgemeester se dagboek en aktiwiteite
2. Koördineer uitvoerende geleenthede en funksies
3. Voorsien administratiewe en sekretariële ondersteuningsdienste
4. Onderhou die uitvoerende korrespondensie/inligting- en rekordstelsel
5. Ontvangs en telefoon oproepe
6. Woordverwerkingsdienste
7. Rapporteer aan die Munisipale Bestuurder soos en waneer nodig

'n Volledige posbeskrywing is op aanvraag beskikbaar.

Minimum kwalifikasies, ondervinding en vaardigheidsvereistes:

Graad 12 plus 2 jaar toepaslike ondervinding
Geldige Kode B bestuurderslisensie
Goeie rekenaarvaardighede (MS Office)
Goeie taalvaardighede (ten minste Afrikaans en Engels)
Goeie menseverhoudings, interpersoonlike en kommunikasie vaardighede
Professionele ontvangs- en telefoon etiek
Hoë vlak van verantwoordelikheid
Vermoë om onder druk te werk en aandag aan detail te gee
Vermoë om vertroulike skrywes/e poste/notules ens te handteer en te handhaaf
Salaris/byvoordele sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

Aansoeke, vergesel van 'n volledige CV en besonderhede van ten minste 3 kontakbare verwysings, moet op die Munisipaliteit se amptelike aansoekvorm geskied (amptelike aansoekvorms beskikbaar by me. Christelle Viljoen, telefoon 053 391 3003 en Mnr A Gibbons, telefoon 023 5711 020) Aansoeke moet gerig word vir die persoonlike aandag van die Munisipale Bestuurder, mnr Gustav von Mollendorf, en met duidelike opskrif: VAKATURE: P.A. VAN BURGEMEESTER, by die volgende adres:

Posadres: Privaatsak X03, Williston 8920
E-pos: munman@karoohoogland.gov.za

Deur aansoek te doen verleen kandidate toestemming dat hul kwalifikasies en verwysings nagegaan kan word. Kandidate wat nie aan die minimum kwalifikasies, ondervinding en vaardigheidsvereistes voldoen nie, sal nie in aanmerking geneem word nie.

Vir navrae kan Mnr GW Von Mollendorf geskakel word by telefoon 053 391 3003.

Aansoeke sluit om 10vm op 12 September 2016 te Sutherland Munisipale kantore.